

## **Saterdag 5 Augustus**

**Skrifgedeelte: Romeine 11:33 – 12:2**

**Fokusgedeelte: Romeine 12:1, 2**

### **My denke in diens van God**

Ons dankbaarheidslewe word uitgedruk in ons dienswerk aan die Here. Ná die aangrypende lofsang oor ons verlossing aan die einde van Romeine 11, word ons weereens gewys op die oorsprong van ons dankbaarheidslewe: God het Hom in Christus oor ons ontferm (12:1). As mense wat verlos is, word ons tot 'n dankbaarheidslewe opgeroep. Dit beteken toewyding aan die Here.

In vers 2 hoor ons twee dinge wat hierdie toegewyde lewe behels:

- vermyding van die slegte invloede in die wêreld; en
- verandering deur 'n nuwe denkpatroon aan te kweek.

Dit beteken dat gelowiges nie deur die skema of patroon van die sondige wêreld gevorm moet word nie. Dit moenie die model of voorbeeld vir die Christelike lewe en ons toewyding aan God wees nie. Christus het ons van die denkpatrone van die wêreld verlos. Al leef ons nog met ons fisiese liggame in die wêreld, leef ons met denke wat verander en nuut gemaak word, soos mense wat aan God se koninkryk behoort. Om in diens van die Here te staan – my dankbaarheidslewe – begin dan by die verandering en vernuwing van my denke.

As gevolg van ons sondigheid en die invloed van die wêreld kan ons nie reg dink nie. Deur die voortgaande werking van die Heilige Gees moet ons denke verander word. Waarom ons denke verander? Want ons denke bepaal ons dade. Uiteindelik bepaal dit ons leefstyl en gedrag.

Die Heilige Gees werk in ons om ons denke so te verander. Hy vernuwe ons denke deur die Woord. Daarom is dit belangrik dat ons die Woord sal lees, oordink en daarna luister, sodat ons daarvolgens kan leef.

In plaas daarvan dat ons ons deur die skema van die wêreld laat vorm, laat God ons denke verander deur die werking van die Heilige Gees en die Woord. So stel ek my denke in diens van God.

*Sing: Psalm 107-1:1, 3*

*Dr. JD Mienie (Juan) (Zeerust)*